

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

## Woorddiens

### Tema: Jou skat, jou hart!

### Skriflesing: Lukas 12:22-34 (1983)

<sup>22</sup> Verder het Jesus vir sy dissipels gesê: “Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie.

<sup>23</sup> Die lewe is tog belangriker as kos en die liggaam as klere.

<sup>24</sup> Kyk na die kraaie: hulle saai nie en oes nie; hulle het geen spens of skuur nie, maar God sorg vir hulle. Julle is tog baie meer werd as voëls.

<sup>25</sup> Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een uur verleng?

<sup>26</sup> As julle nie eens so 'n klein dingetjie kan regkry nie, waarom bekommer julle julle oor die ander dinge?

<sup>27</sup> “Kyk hoe groei die lelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie, maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie.

<sup>28</sup> As God die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre in die vuur gegooi word, só mooi maak, hoeveel te meer sal Hy julle versorg, julle kleingelowiges!

<sup>29</sup> Julle moet julle ook nie gedurig afvra wat julle gaan eet of drink nie, en julle moenie besorg wees nie.

<sup>30</sup> Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges in die wêreld begaan is, maar julle het 'n Vader wat weet dat julle dit nodig het.

<sup>31</sup> Beywer julle vir sy koninkryk, dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee.

<sup>32</sup> “Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee.

<sup>33</sup> “Verkoop julle besittings en gee bydraes vir die armes. Skaf vir julle 'n beurs aan wat nie leeg raak nie, 'n onuitputlike rykdom in die hemel, waar geen dief dit kan bykom en geen mot dit kan verniel nie.

<sup>34</sup> Waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.”

### Broodjies vir die pad

#### 'As jy 'n grootmens is en jou ouers skei'

*Gielie Hoffmann*

Ek onthou hoe ek en vyf vriende die jaar ná matriek om 'n tafel sit en kuier het – almal gawe mense wat sedertdien sukses in die lewe behaal het. Êrens het ek by myself gedink: Ek is die enigste een wie se ouers nog getroud is.

En nou, na 39 jaar se getroude lewe, het my ouers besluit om halt te roep. My eerste gedagte: Moes hulle dan nie maar jare gelede al geskei het nie? Nou is hulle albei in hul 60's,

afgetree, reg om die laaste dekades van hul lewe goed te leef. Is nou nie veronderstel om hul goue tyd te wees nie?

Almal wil weet of hulle nie te vinnig besluit het nie. Ek dink dis nooit 'n vinnige besluit nie. Mens voer net daai besluit uit wanneer jy reg is daarvoor.

Wat my op hierdie stadium aanraak, is die verligting wat ek by albei ervaar. Wat maak dat mens so verlig is terwyl jy ook stukkend is?

My ouers is albei dierbare mense in eie reg. Hulle het net êrens langs die pad vergeet om dierbaar met mekaar te wees.

Hulle was betrokke in die gemeenskap, was goeie vriende en familielede, besorgde ouers en nou wonderlike grootouers. Hulle het hul ouers help versorg tot die einde, het ingetree en gehelp waar dit nodig was.

Maar klein gebruike het gevestigde gewoontes geword. Hulle het ophou praat. En ophou luister. Hulle het 'n aflegging, kaping, 'n suster en 'n broer se dood, 'n dogter se egskedding, my pa se leweroorplanting en al die gewone uitdagings tussenin oorleef.

Jane Fonda praat van die jare ná 60 as jou “third act”, jou derde bedryf. Dis die tyd wanneer jy die swaarverdiende wysede wat jy in jou eerste en twee bedrywe bymekaar gemaak het, moet aanwend om gelukkig te wees.

'n Vriend van my se ouers het ook besluit om te skei nadat die kinders uit die huis was. Dis eers toe dat hulle skielik besef het dis verby. Meeste mense glo nog dis beter om saam te bly ter wille van die kinders. En gegewe hoe uitmergend 'n egskedding kan wees, verstaan mens dit heeltemal. Maar dit is nie altyd beter nie. Kinders is baie meer veerkragtig as wat mens besef; die intense ontwrigting van 'n egskedding is baie keer minder skadelik as die geleidelike seerkry van 'n ongelukkige huis.

My suster, wat 'n paar jaar ouer is as ek, is geskei toe ek 27 was. In daardie tyd het baie van my vriende verloof geraak of getrou. Haar egskedding het my met baie vroeë gelos. En al was haar kinders nog bloedjonk, het ek geweet: Dit is nie altyd beter om bymekaar te bly ter wille van die kinders nie.

Sommige mense besluit om reeds aan die voet van die berg eerder verskillende paadjies te stap; doodseker dat hulle nie die klimtog saam sal oorleef nie. Ander los mekaar halfpad teen die berg op, moeg en flou en onseker of hulle die kruin gaan bereik, maar seker dat hulle 'n beter kans het sonder hul huweliksmat. En dan is daar mense soos my ouers, wat die kruin bereik, opkyk, asemhaal, die verte in staar en dan besluit om van daar verskillende rigtings in te slaan.

En al breek dit my hart, bly glo ek in hierdie een groot wysheid: Dis nooit te laat om te wees wat jy wil wees nie.

\* *Gielie Hoffmann werk as lewensfrigter met atlete, leiers, entrepreneurs en kunstenaars.*

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/gielie-hoffmann-as-jy-n-grootmens-is-en-jou-ouers-skei-20160729#>



### 'n Vlag van ongekende woede speel oor die wêreld

*Rudi Swanepoel*

Is dit nie interessant dat die Christelike verhaal in gesprek bly met die gebeure van die dag nie?

Wanneer Donald Trump meen 'n muur is die manier om orde in die VSA terug te bring, vra die Christelike storie of jy

vergeet het dat jyself (of ten minste jou voorvader of skoonma) eens 'n verdwaalde vreemdeling was.

Wanneer Brittanje besluit dat hy eerder wil afstig as om deur immigrante oorval te word, spreek die foto's van 'n Anglikaanse priester wat Moslems in 'n plattelandse Engelse dorpie doop, boekdele.

Wanneer Michelle Obama “saam”-taal by die Demokratiese konferensie praat, eggo sy die klanke van die eerste Christelike gemeenskappe wat almal 'n bont spul was, saamgebind nie deur etnisiteit of gender nie, maar deur 'n vreemde krag: Die krag van 'n nuwe identiteit in Christus en 'n moraliteit wat in geleefde naasteliefde sigbaar word.

Rabbi Jonathan Sacks skryf in 'n onlangse artikel (in reaksie op die Brexit-gebeure) dat die wêreld 'n vlag van woede beleef, wat ongekend en allermens beperk tot Brittanje of die VSA is. Hierdie woede woed homself uit op die politieke, maatskaplike en ekonomiese terrein, maar het (volgens Sacks) sy oorsprong op 'n heel ander plek.

Sacks se besinning draai om die gedagte dat die Weste die afgelope 50 jaar 'n nieamptelike sosiale eksperiment van stapel gestuur het. Hierdie eksperiment het daaruit bestaan dat gepoog is om 'n wêreld sonder identiteit en moraliteit te skep.

Sacks argumenteer dan dat die Weste se markeconomie en liberale demokrasie nog nie misluk het nie, maar eintlik die teenwoordigheid van 'n sterk (godsdienstige en maatskaplike) identiteit en moraliteit kort.

Die vraag is nou hoe die Christelike verhaal met Sacks se stellings in gesprek sou tree.

Die antwoord – terwyl dit geensins as 'n eenvoudige oplossing vir 'n komplekse dinamika aangebied kan word nie – is moontlik eenvoudiger as wat 'n mens sou vermoed.

Want is die mens se diepste identiteit nie dié van kind-van-God nie? En is die morele kompas van God se kinders nie die liefde nie?

Ek sou graag die konsep van gemeenskap (of die gebrek daaraan) by Sacks se diagnose wou voeg. Die Christelike verhaal is immers deurspek met die tema van gemeenskap: Ek is nie op my eie kind van God nie, ek behoort aan 'n familie. Ek is nie op my eie 'n morele wese nie, my liefde is gerig op my naaste. Sonder my Christelike familie laat my eie morele oordeel my dalk in die steek.

Daarom gee Christelike gemeenskappe my hoop, te midde van politieke, ekonomiese en sosiale woede. Diverse gemeenskappe. Plekke waar mense behoort, selfs al kan hulle behoort sonder dat hulle eers aan allerhande vereistes moet voldoen, soos om “reg” te glo of 'n spesifieke godsdienstige taal te praat.

Die versoeking is tans inderdaad reusagtig groot om met woede te reageer op woede: Gooi wal, kritiseer, baklei kaalvuis en onttrek.

Daar is wel 'n alternatief. Bou iets. Bou nuwe gemeenskappe met 'n sterk identiteit en 'n realistiese moraliteit.

Bou omdat daar klaar te veel is wat breek. En wat preek.

Ek is nie 'n profeet nie, maar ek wil voorspel dat praat nie gaan help nie, maar leef – saamleef – maak dalk net 'n groot verskil aan die krisis van ons tyd.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/rudi-swanepoel-wanneer-die-wereld-sy-kompas-verloor-20160728>

## Brood vir die pad

### Stap op die maat van jou eie tromme

*Wilhelm Jordaan*

Op pad na 'n waarskynlik vervelige vergadering speel die ou fliek Zorba the Greek se meesleurende musiek oor die radio.

Lanklaas gehoor en ek sien Zorba (Anthony Quinn) lewensgroot voor my op die pad dans. Wou-wou uitswaai om hom nie raak te ry nie!

Herinner my toe die voortreflike sêgoed van dié gek Griek, geskep deur Nikos Kazantzakis in sy gelyknamige roman. Soos in 'n gesprek met Basil, die vermoeiende intellektueel:

“Damn it boss, I like you too much not to say it. You've got everything except one thing: madness. A man needs a little madness, or else he never dares cut the rope and be free.”

Met 'n boodskap so vars soos vanoggend se brood: Wees gek genoeg om “nee” te sê vir sekerheid, orde, konformering en dans na ander se pype. Dans jou eie dans.

Dié “nee” eis egter 'n sterk dosis innerlike vryheid.

Dit kom nie vanself nie, want innerlike vryheid word bedreig deur die verstaanbare angste om van ander afgesny te wees; om alleen te staan en die teiken te wees van ander se gelag, kritiek, bespotting en vernedering as jy nie voldoen aan hul eise, wense en verwagtings nie.

Dié angste maak dan dat 'n mens opgaan in die kudde se knus warmbroeiery; volgens die reëls wat geld in dié eenselwige, valerige meerderheid.

Ydelheid en pronksug – as die knaende behoefte om gereken en geprys te word – is deel daarvan. Dit dwing jou om oordrewe waarde te heg aan die soort denke en optrede wat eer, aansien en lof bring.

Om dié dinge te bekom en te behou, word jy algaande 'n maskerdraer wat waaksaam spartel om die beeld wat ander van jou het, in stand te probeer hou.

Innerlike vryheid eis iets anders van 'n mens. Dit kan beteken dat jy teen die gangbare manier van dink en doen moet ingaan; dat jy moet pleit vir perspektief terwyl ander die illusie verkies; dat jy met oortuiging moet waarsku terwyl ander dit nie wil hoor nie; om alles op die spel te plaas en jou eie hart te volg.

Natuurlik moet 'n mens nie sonder meer jou eie hart se stuwings as innerlike vryheid verstaan nie.

Want daar is iets soos vertonerige verset en vermetele protes wat as't ware te kenne gee: “Ek is my eie mens en ek sál my eie kop volg.”

Soos die man wat selfbewonderend gesê het: “I'm a self-made man and I honour my Maker for it!”

Innerlike vryheid wat so lyk, help jou nie om die tou à la Zorba deur te sny nie. Want dan is jy niks meer nie as die alkundige Meneer/Mevrou Weetalles. Niemand kan jou iets leer nie.

'n Lewe wat spreek van innerlike vryheid word spontaan geleef en nie breedsprakerig geproklameer nie.

Dit is 'n aanhoudende reis met skuierende horisonne, bakens en bestemmings: Zorba se dans – van dag tot dag.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/wilhelm-jordaan-stap-op-die-maat-van-jou-eie-tromme-20160803>



## Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor*

*ubi caritas, Deus ibi est.*